

Welkom by Solidariteit Jeug se Loopbaankompas!

Die Loopbaankompas is 'n instrument wat deur Solidariteit Jeug ontwikkel is met die doel om jongmense wat op pad is na die werkplek toe van goeie inligting te voorsien. Die Loopbaankompas sluit 'n gratis belangstellingstoets in, wat ons die Belangstellingsbepaler noem. Hierdie toets genereer 'n gratis belangstellingsverslag sodra dit voltooi is. Op die Loopbaankompas-portaal kan jy ook kontak maak met 'n kundige om psigometriese toetse af te lê teen 'n prys wat spesifiek vir Solidariteit Jeug-lede beding is.

Uiteindelik hoop ons dat hierdie instrument jou aspirasievlakke sal lig, omdat jy dan beter sal weet watter opsies daarbuite beskikbaar is, en dat dit op die ou einde tot beter loopbaanbesluite sal lei.

Kom ons spring weg:







Stap 1 – Besoek Solidariteit Jeug se webblad.


Besoek www.jeug.co.za en skep 'n gratis profiel.

Op die tuisblad sal jy die volgende blokkies sien:

Klik op die blokkie met die opskrif “Loopbaankompas en psigometriese toetse”

WAT JY MOET WEE

 <p style="text-align: center;">STUDIEGELEENTHEDE</p> <p>Op hierdie webblad sal jy allesvind aangaande aansoeke vir verdere studies, wat alles aangaan by Akademia, Sol-Tech, asook wat jy alles nodig gaan hê om aansoek te doen vir 'n rentevrye studielening by Helpende Hand, of vir 'n Solidariteit-beurs!</p>	 <p style="text-align: center;">CV: WAAR BEGIN EK</p> <p>Stap een in jou loopbaanreis is gewoonlik om jou CV uit te stuur, maar waar op aarde begin 'n mens? Klik hier vir advies, en lekker template om jou eie professionele CV op te stel!</p>	 <p style="text-align: center;">INTERNSKAPPE</p> <p>Is jy in jou finale jaar van studies en op die uitkyk vir werk volgende jaar? 'n Internskap sit jy kosbare werkservaring op jou CV. Klik hier om beskikbare internskapeleentede te sien!</p>
 <p style="text-align: center;">DIE ONDERHOUD</p> <p>Die finale deur na enige werk is die onderhoud. Klik hier vir advies oor jou onderhoud – van wat om aan te trek en wat om te sê, tot wat om nie te sê nie.</p>	 <p style="text-align: center;">LOOPBAANKOMPAS EN PSIGOMETRIESE TOETSE</p> <p>Een van die moontlike maniere om jou belangrikste eienskappe te identifiseer is deur 'n psigometriese toets te doen. Hierdie toets moet nie sê wat jy moet doen, maar eerder bereep jy eenduidig op jou eienskappe. Om</p>	 <p style="text-align: center;">STUDIELENINGS EN BEURSE</p> <p>By Solidariteit Jeug glo ons dat almal wat wil studeer, moet kan studeer, daarom doen ons baie moeite om beurse, lenings, en beurslenings te</p>




Stap 2 – Klik op “Begin die Loopbaankompas”.



Stap 3 – Die gratis Belangstellingsbepaler.


Jy is nou by die Belangstellingsbepaler, ’n gratis toetsie wat jou belangstellings bepaal en dan ’n gratis belangstellingsverslag genereer. Voltooi al die vrae van die Belangstellingsbepaler.



Stap 4 – Laai jou verslag af en gaan na die volgende stap.

Sodra jy al die vrae van die Belangstellingsbepaler voltooi het, kan jy jou verslag aflaai. Keer nou terug na die Loopbaankompas se tuisblad <https://jeug.solidariteit.co.za/loopbaankompas-teken-in/>.

Klik nou op “Lê psigometriese toetse af”, om deur te gaan na die volgende stap.




Stap 5 – Lees die inleidende inligting voordat jy verder gaan.

Jy is nou by die inligtingsblad oor die psigometriese toetse. Lees hier oor die Loopbaankompaspakket, sowel as die kostes verbonde aan psigometriese toetse. Rol af sodra jy die inligting verstaan. Onthou dat ’n psigometriese toets ’n wetenskaplike toets is wat jou aanleg en jou persoonlikheid toets.



Stap 6 – Kies jou area.

Kies die bestemmingnaald op die area in Suid-Afrika waar jy graag toetse sal wil aflê. Onthou dat baie kundiges ook aanlynkonsultasies doen, indien jy dít eerder wil oorweeg.



Stap 7 – Kies jou kundige.

Die kundiges in die area wat jy gekies het sal nou verskyn. Klik gerus op “Maak kontak” sodra jy besluit het op die kundige wat jy graag wil kontak. Vul nou al die nodige besonderhede in en die kundige sal jou kontak.

